



# Stellenberger

## Vier Pinksterreekse 13 tot 17 Mei

Die **Pinksterreeks** begin Sondagaand 13 Mei om 19:00 in die kerk en word elke aand tot Donderdag 17 Mei om 19:00 in die kerk aangebied. Sop en brood word na afloop van die eredienste in die Markplein bedien.

Kom beleef vyf aande van geestelike verdieping, toewyding, sang, getuienisse en woordbediening. Ons begin vanaf 18:50 saamsing. Ds. Callie Visagie lei die aandreeks met die tema: Kan ons God ooit leer ken? Die tema word ondersoek na aanleiding van die "Ek is -" uitsprake in die Bybel.

Sal ek U ooit kan ken?

Sal ek U ooit kan dink-ken?

ráák-ken?

vóél-ken?

Of U oor en oor kan vergelyk

met iets wat anders is,

wat min of meer soos U is - Isak de Villiers -

Die seën van Pinkster staan en val by voorbereide harte asook die feit dat dit plaasvind in die dampkring van GEBED. As jy Pinkster maar soos 'n brander oor jou laat breek, gaan dit verby wees voordat jy dit kon registreer en na alle waarskynlikheid gaan die Pinkstertyd dan min verskil in jou eie of die gemeentelike lewe maak. Daarom die versoek: Bid asseblief vir Pinkster! Begin by jouself, dat die Here jou hart sal voorberei op 'n nuwe ontmoeting met Hom, maar bid daarmee saam ook vir elkeen wat gaan luister. Bid



ook asseblief vir almal wat tydens Pinkster in die gemeente moet voorgaan, maar ook vir diegene in die res van die gemeente.

**Kinderpinkster** word vanaf 13 tot 17 Mei om 19:00 in die Kleinsaal aangebied.

Tema: Diepsee ontdekkings – dit maak nie saak hoe donker dinge vir jou lyk nie, God is altyd by jou.

**Tienerpinkster** vir hoërskoolleerders vanaf 13 tot 17 Mei om 18:30 in die Markplein. Dit is die eerste tienerpinkster wat in die gemeente aangebied word. Ds. Peter Kotze sal die tema *Overflow* met tieners bespreek. Hulle gaan inderdaad oorloop van die Heilige Gees.

**Oggendpinkster** word vanaf Maandag 14 Mei tot Vrydag 18 Mei om 10:00 in die kerk deur Mike van Deventer aangebied. Na afloop van die eredienste word kerkgangers genooi om 'n koppie tee in die voorportaal te geniet.

# Hartlik welkom aan Fritz Brand

Fritz Brand is vanaf April werksaam by die gemeente as die Bestuurder Administrasie. Fritz en sy gesin woon in Loevenstein en hy is die trotse pa van vyf kinders. Hy was voorheen by die *Centre for Conflict Resolution* werksaam.

Fritz vertel hy het 'n lewendige belangstelling in politiek en lees graag politieke kommentare. Hy volg politieke gebeure in Suid-Afrika, Suider-Afrika, Europa en die VSA met groot entoesiasme.

As Bestuurder Administrasie is Fritz verantwoordelik vir die bestuur van die administratiewe- en terreinpersoneel, die gemeente se bates, asook administratiewe en operasionele funksies soos bepaal deur die uitvoerende bestuur en kerkraad.



## 'n Nuwe leraar

Die kerkraad is in samewerking met die pre-advies-komitee besig om die vakante pos vir 'n gemeenteleraar te vul.

Die pre-advies-komitee bestuur die proses. Die vakature is reeds sedert Maartmaand in die Kerkbode geadverteer en lidmate het geleentheid gehad om tot en met 23 April kandidate vir die pos te nomineer.

Die pre-advies-komitee het 'n kortlys van moontlike kandidate saamgestel en onderhoude word vanaf Maandag 7 Mei gevoer. Die pre-advies-komitee sal ook in die tyd aansoekers se verwysings nagaan. Die kerkraad beoog om tydens hulle vergadering op 23 Mei 'n beroep uit te bring.

Lidmate sal na die kerkraadsvergadering per e-pos, die bulletin, webwerf en kanselafkondigings in kennis gestel word wie die gekose kandidaat is. Na 'n periode van twee weke van bekendmaking aan die gemeente, word 'n beroepingsbrief aan die gekose kandidaat gerig. Die kandidaat het dan ook twee weke tyd om die beroep te aanvaar. Ons vra dat lidmate asseblief ernstig voorbidding vir die proses sal doen.

## Feesmarkaansoeke het gesluit

Aansoeke vir die 2018-Feesmark het pas gesluit. " 'n Rekordgetal aansoeke van bykans 1 000 is ontvang," sê Marilize Möller, Feesmarkorganiseerder. "Ons het slegs plek vir 325 uitstallers wat ons maar in 'n effens benarde posisie laat. Die aansoeke is deurgaans van 'n baie hoë gehalte, wat dit daarom nog moeiliker maak om minstens 600 voornemende aansoekers weg te wys. Dit bly egter steeds vir my 'n wonderlike voorreg om die vindingrykheid van voornemende uitstallers te aanskou en te sien hoe hulle jaarliks hulle produkte vernuwe. Die keuringsproses begin amptelik vroeg in Meimaand sodat suksesvolle uitstallers genoeg tyd het om hulle voorraadvlakke op te bou."

Die Feesmark skop op 17 Oktober af en duur tot 3 November.

# Spanwerk saam met die Koue Bokkeveld

Isabel Steenkamp, uitreikleier, vertel dat hulle met 'n span van 50 lede gedurende die April-skoolvakansie na die Koue Bokkeveld uitgereik het. Volgens haar was die hoogtepunt van die uitreik om die entoesiasiese plaaslike gemeenskapsleiers te ontmoet en saam met hulle die gemeenskap te bedien. Ons kon die Bokkeveld met 'n geruste hart verlaat met die wete dat die plaaslike leiers, in ons afwesigheid, Jesus se hande en voete sal wees.

“Die Op-die-berg-dorpie is maar 'n klein dorpie wat weggesteek is tussen al die koppies. Ons

werk in die dorpie asook die plase in die nabye omgewing. Ons het veral op die Môrester- en Donkerbosplase gekuier,” sê Isabel. “Die Op-die-berg-gemeenskap gaan gebuk onder baie werkloosheid, sowel as drankmisbruik. Die meeste inwoners van die dorpie is seisoenwerkers, wat tot gevolg het dat hulle nie 'n deurlopende inkomste het nie.

Met volgende jaar se uitreik wil ons graag 'n groot interkerlike jeugaand vir die jongmense van die gemeentes van die VGK en NG Kerk aanbied, sodat ons saam kan droom oor die Bokkeveld.”



## Skotte dra by tot naastediensprojekte

Bert Sharp (op die foto regs) is 'n oudpolisieman van Glasgow, Skotland en lid van die Christelike Polisievereniging. Sy jarelange verbintenis met ds. Why Duvenhage het hom laat besluit om by Stellenberg-gemeente se naastediensprojekte betrokke te raak. Bert is lidmaat van 'n klein gemeente in Skotland met net 100 lidmate. Hy het die ander lidmate oortuig om ook by Stellenberg se naastediensprojekte betrokke te raak. Die gemeente het aan die werk gespring en R7 000 ingesamel wat hulle vir die aankoop van warm wintersklere vir minderbevoorregte persone in die Wes-Kaap, geskenk het. Bert het in Suid-Afrika kom kuier sodat hy die klere persoonlik kon aankoop en aan ds. Why Duvenhage oorhandig.



**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / [www.stellenberg.co.za](http://www.stellenberg.co.za)

# Hoogtepunte saam met ons Duitse besoekers



**Stellenberger het met ds. Peter Kotze gaan gesels om meer te hoor oor die Duitse besoekspan wat die gemeente onlangs besoek het.**

## **Hoekom het die groep Duitsers Stellenberg-gemeente besoek?**

Ons het 'n gesamentlike projek, wat oor 'n periode van twee jaar loop, waarin ons kyk na volhoubare oplossings vir armoede in beide Suid-Afrika en Duitsland. Die gedagte is om projekte te identifiseer wat in beide lande ondersteun kan word en ook uitgebrei kan word deur wyer internasionale samewerking te verkry. Die ondersteuning sal hoofsaaklik finansiële van aard wees, maar ook tyd en hulp insluit. Die projekte sal soos voorgeskryf deur die Duitse borg vir die projek, deur studente gedryf moet word.

## **Wat was hulle doelstellings met die besoek?**

### **Wat wou hulle in Suid-Afrika ervaar?**

Hulle wou 'n volledige holistiese ervaring van Suid-Afrika se armoede- en ook kulturele dinamika ervaar. Hulle wou die wisselwerking tussen sisteme, kulture, en ander elemente wat moontlik tot armoede kan bydra, identifiseer. Hulle wou 'n breë spektrum ervarings beleef, van die armstes tot die rykstes, en van die slegste dele tot die mooiste dele, sodat hulle 'n geheelbeeld van Suid-Afrika se binnewerke kon kry. Hulle is baie gesteld daarop om nie met 'n eerstewêreldse Duitse oplossing vir Suid-Afrika se problematiek na vore te kom nie. Daarom was



gesprekvoering en die inwin van inligting vir hulle 'n groot prioriteit. Met die kennis wat hulle tydens die besoek opgedoen het, beoog hulle dan om 'n taakplan met maandelike oplossings en projekte aan die borg van die projek voor te lê.

**By watter projekte het hulle besoek afgelê?** In die 20 dae wat hulle in Suid-Afrika was, het hulle 24 projekte besoek, 21 tafelgesprekke gehad en ongeveer nege egte Suid-Afrikaanse braaivleisetes bygewoon. Die projekte het gewissel tussen die gemeente se tradisionele uitreikplekke soos Beaufort-Wes en Leeu-Gamka, tot Klipheuwel se Shiloh-projekte, Delft se sopkombuis, Ithemba Labanthu, Ruyterwachtsentrum vir seniors, Khayelitsha-skole, die JAM-span by Apostelbattery, en nog 'n paar. Gesprekke is gevoer met verskeie groepe studente, onder andere lede van die Bliss-groep in die gemeente, studente van Khayelitsha en die Sinodale Dienskantoor vir Getuienis.

Hulle was darem ook op Tafelberg (die een toeristaantreklikheid wat almal graag wou besoek) en 'n paar ander toeristebestemmings – hulle is immers studente met baie energie en pretlus.

Vervolg op bladsy 5 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 4

## **Wat was vir die meeste van hulle 'n hoogtepunt?**

Dis moeilik, maar 'n paar wat vir die meerderheid uitgestaan het was:

- Die Suid-Afrikaanse vriendelikheid.
- Die Jeugdiens was vir hulle 'n wonderlike ervaring, aangesien hulle eie kerke nie regtig ruimte vir jongmense skep nie. Hulle het eintlik 'n paar keer gevra: "Why do you move when you worship, do you feel God?" En dan ook: "You can see the light in all the church people, like there is real love, like you actually believe."
- Die gesprek met dr. Braam Hanekom was vir hulle baie insiggewind en het hulle nuwe perspektief op die land gegee.
- Die besoek aan die JAM-span was ook vir hulle baie positief, asook om saam rommel in Houtbaai op te tel.
- Leeu-Gamka se kinders wat uit die huise gestroom het met ons aankoms in die dorp, was 'n riem-onder-die-hart ervaring.

## **Waarmee dink jy gaan hulle huis toe – wat het Suid-Afrika hulle geleer?**

Wat my aanbetref, sommer 'n hele klomp goed:

- Suid-Afrika het baie potensiaal wat verwesenlik kan word as almal saamwerk.
- Soms moet 'n mens moue oprol, inspring en gaan werk en help waar die nood is – nie alle mense kom noodwendig kerk toe vir hulp nie.
- Die mense in Suid-Afrika het hoop vir die toekoms.
- Politiek gaan ons nie red nie, maar die kerk probeer en het waarskynlik 'n groter kans op sukses.
- Geloof gee hoop in armoede, en kerke moet die hoop vir mense bied.

- Die Duitsers het opgemerk dat die N2 soos die Berlynse Muur die skeiding tussen rykdom en armoede vorm en die kloof moet oorbrug word.
- Dit lyk vir hulle asof onderwys die weg tot sukses en die verbreking van die armoede-siklus is.

En dan ekstras: Ons see is mooi, maar koud, Creme Soda smaak baie snaaks, bobotie is lekker, maar braaivleis bly bobaas.

## **Wat het jy by hulle geleer?**

- Die wêreld vier saam met ons die oorwinnings en treur saam met ons in ons swaarkry; ons is nie alleen nie.
- Internasionale vennote bring ander perspektiewe en hulle stel baie kritiese vrae wat ons Suid-Afrikaners nie noodwendig ook vra nie, al is dit soms nodig.
- Studente wil graag 'n verskil maak en ons moet vir hulle die ruimte bied om dit te doen.
- Duitsland het ook probleme soos rassisme, maar die verste gras is nie noodwendig groenste nie.
- Elkeen van ons is geroepe tot diens in die land waar ons woon.
- Die kerk moet hom daarvoor beywer dat onderwys in die land groter prioriteit moet geniet.
- Ons is baie bevoorreg om soveel toegang tot geloof en geloofsbronne in ons land te hê.
- Ons kan ook trots wees op wat alreeds hier is en moet net daarop voortbou.
- Ons het hoop!

## **Beplan ons 'n besoek aan die Duitsers?**

Ja, ons beplan om volgende jaar dieselfde tipe besoek af te lê en gaan 12 jongmense saamneem.

Dit het letterlik honderde ure se voorbereiding geverg voordat hulle hier aangekom het, maar die resultaat was ongelooflik!